**BEROEPENUUS– *5 Mei 2013***

***Beroepe ontvang***

Ds BCG Fourie van Kameeldrift na Newcastle

***Beroepe aanvaar***

Ds DJ Dykstra van Colesberg/Bloemburg/Philippolis na Nigel

**65+ Funksie skuif... Hierdie funksie vind nie meer 18 Mei plaas nie, maar wel 25 Mei. Al ons 65 PLUSSERS word hiermee geraak– onthou volgende funksie is 25 Mei 2013!**

**Ons Sabbatsrus vind ons in God se genade –**deur ds. E Kayayan

*Vervolg van verlede week*

**God se rus en ons rus**

Ons ewige Sabbatsrus bind ons op 'n besondere manier aan God – hoofsaaklik omdat ons na sy beeld geskape is. God het die wêreld in ses dae geskape, en op die sewende dag het Hy gerus. Ons word ook beveel om op die sewende dag te rus. Daar is 'n ooreenkoms tussen God se rus en ons rus. Terwyl die vierde gebod in die boek Deuteronomium die aksent op die verlossingsdaad van God plaas, stel die parallelle gedeelte in Eksodus 20 die aksent op God se werk in die skepping: *'Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig'*. Hierdie woorde vind ons alreeds aan die einde van die skeppingsverhaal (Genesis 2:1-3). Hieroor vra die Geneefse Kategismus wat bedoel word wanneer die Here ons aanspoor om sy voorbeeld te volg en ons uitnooi om te rus. Nadat God die skepping van die wêreld in ses dae voltooi het, het Hy die sewende dag gewy om sy werk te aanskou. Om ons aan te spoor om dieselfde te doen, stel Hy aan ons sy voorbeeld. Is dit nie ons diepste begeerte om soos Hy te lyk nie? By God volg rus die voltooiing van sy werk. Op die aand van die sesde dag, toe alles voltooi is, het God die perfeksie van sy skepping geniet: *'Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en – dit wasbaie goed'*.Ons aanskou ook sy werke; nie net sy werke in die skepping nie, maar ook sy werke van verlossing, wat hy in Christus voltooi het om 'n nuwe skepping tot stand te bring.

**Christus se sentrale plek in die Sabbat.**

In die Ou Testament kon die Sabbat nooit van offers geskei word nie. Die offers was tekens van versoening met God. Die brief aan die Hebreërs lê klem op die finale soendood van die finale priester, Jesus Christus, wat alles perfek voltooi het.

*Word vervolg*

| | |
|---|---|
| Vandag- Paul Venter<br>0823939419 | 09/05– Cherise de Jonge<br>0725912662 |
| 06/05– Pierre van Wyk<br>0722503681 | 09/05– Andries du Plessis<br>0829235697 |
| 07/05– Elsabé Venter<br>0826985537 | 09/05– Nisda Kruger<br>0722327157 |
| 08/05– Elmi van der Dussen<br>0824167188 | 09/05– Mariska Vorster<br>0846828402 |
| | *Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur* |

***Baie geluk met u verjaarsdag***

Hoe meer tevrede 'n man met my is, hoe meer tevrede is ek met hom. En hoe gouer is ons al twee ontevrede –CJ Langenhoven

# Die Krugertjie


**Gereformeerde kerk Pretoria(d)**
**www.gkpretoria.org.za OF**
**www.gk-pretoria.weebly.com**
Kerkkantoor Sr. Amanda Rheeder
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdae)
E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za
Faks:0123265287
Skriba:Oudl. Andries du Plessis 0123268154
Attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar 012- 3233194
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106
Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173


**5 Mei 2013**

**EERSTE EREDIENS**–(9h00 )

**Skriflesing:** Levitikus 23:33-44; Openbaring 21:1-6; 22:1-5

**Teks:** Levitikus 23:33-44

**Sing:** Ps. 23:1; Ps. 61:1,3; Ps. 42:1,2; Ps. 91:1,5

## DIE LOOFHUTTEFEES

Die sewende, die laaste fees het aangebreek. Watter hoogtepunt het dit in Israel gebring. Hierdie was vir hulle die grootste van al hulle feeste. 'n Tyd wat almal bly moet wees, fees moet vier, 'n tyd van heerlike lekkernye wat vrylik uitgedeel is.

Die sewende fees, in hulle sewende maand, wat sewe dae lank gevier moet word. Soos ons by die fees van die Trompette en die groot Versoendag al kon agterkom dat die trompette en die groot Versoendag staan inleidend op wat die Loofhuttefees gaan bring.

Dit is deel van die hele Loofhuttefeesgety wat daarop neerkom dat soos Paasfees God se vrede beteken, Pinkster bring God se krag, staan die Loofhuttefees as einddoel dat ek my rus in God moet vind.

**KATKISASIE**– Katkisasie gaan voort

**TWEEDE EREDIENS**– (ná katkisasie)

**Skriflesing:** 2 Samuel 12:1-14; Lukas 22:54-62

**Teks:**

**Dordtse Leerreëls:** Hoofstuk 5 Paragraaf 6-7

**Sing:** Ps. 23:2; Ps. 130:1; Ps. 87:4,5

## DIE UITVERKORENE KAN ONDER GEEN OMSTANDIGHEDE VERLORE GAAN NIE

Ek kan hoe hopeloos voel, totaal en al uitgelewer en verlore, dit mag lyk daar in niks waaraan ek meer kan vashou nie, dan moet u paragraaf 6 hardop u belydenis maak.

Ons kan dit so duidelik aantoon dat God Self sal Sy Heilige Gees in die droewigste val van sy uitverkorenes **nooit heeltemal van hulle wegneem nie…**

God sal nie toelaat dat hulle wat aan Hom behoort verlore gaan nie.

**Predikant:**
Ds. Petrus Venter
012– 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

**Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)**
**Vandag-Wyke 20 en 21**
Ouderlinge: Marius Coertze en Dawie de Bruin
Diakens: Henry Foster en Eugene Koole

**Volgende Sondag– Wyke 24 en 25**
Ouderlinge: Johan de Joné; Willie J van Rensburg
Diakens: Johan du Plooy; Marinus Lorist

## DRA *MEKAAR* SE LASTE EN DEEL *MEKAAR* SE VREUGDES... .

**Sr Hannatjie Goote** is na kort siekbed oorlede. Ons bid vir Hendrik en familie die troos van die Heilige Gees toe. Begrafnis sal vroeg in die week wees. **Sr Jansie van Tonder,** ons oudste lidmaat (102 jaar) se toestand is kritiek in die Rosepark hospitaal in Bloemfontein. Ons bid haar en al die familie die Here se nabyheid en ontferming toe in hierdie sware tyd. **Br Piet van der Kooi** se toestand het verbeter. Hy kan wel bietjie praat maar dit is nie duidelik wie hy erken en wie nie. Hy is steeds in Muelmed hospitaal. Ons gebed is dat die Here in die tyd sy hand oor hom en sy geliefdes sal vashou. **Ds. Andries Mulder** se knie het verbeter. Hy is darem weer by die huis. **Br Dries de Ridder** wat die laaste weke swaarkry met sy rug, maar wie se gesondheid in die geheel nie reg is nie, dra ons aan die genadetroon van die Here op. Mag daar weer vir hom beterskap kom. **Sr Hester van Vuuren** het geval en ernstig seergekry. Haar heup is ook gebreek. Sy is tans in Kalafong hospitaal. Ons dink aan haar en bid dat daar vir haar uitkoms mag wees. . **Br Willie Buys** ondergaan tans mediese toetse en behandeling vir kwaadaardigheid by hom teenwoordig. Ons gebed is dat die Here hom in die tyd krag en genade mag skenk. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. .**Sr. Lenie Labuschagne** wat vir lang tye nie meer in staat is om eredienste by te woon nie, word aan die genadetroon van die Here opgedra. Sy woon in Huis Davidtz. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar.

## WEBWERF / BAKKIESBLAD

– Al die jongste preke, gebeure en Krugertjies kan afgelaai word op ons webwerf of op ons facebook: Webblad is http://bit.ly/XLiTlk
Facebook is on.fb.me/14sXfbM
*sone.combrinck@facebook.com.*

## SUSTERS-

### ETE NA NAGMAAL–

Spyskaart vir eerskomende Nagmaal
DV 26 Mei 2013
Bees– of skaapbredie, rys, mengelslaai, broodjies, Nagereg, Gebakte poeding en vla.

### BESKUITPROJEK VIR BEJAARDE LIDMATE–

Bestanddele benodig: 10kg Rama margarien ; 25 kg bruismeel; 60 eiers; 10 lit karringmelk; 10 kg suiker; 1 kg All bran vlokkies

### KOLLEKTE

| | | |
|---|---|---|
| **Vandag:**<br>**1ste diens**<br><br>**2de diens** | DVB<br><br><br>DVB | Zambië<br><br>Instand-houding |
| **12/05//2013**<br>**1ste diens**<br><br>**2de diens** | DVB<br><br><br>DVB | Sustentasie<br><br>Instand-houding |

### DAGBOEK

| DATUM | GEBEURTENIS |
|---|---|
| **09/05** | Hemelvaart:<br>Erediens :18h30 |
| **16/05** | Oudl vergd |
| **19/05** | Voorbereiding<br>Belydenisaflegging |
| **25/05** | 65+ Onthaal |
| **26/05** | Nagmaal en Nabetragting |

***JESUS-Die Musiekblyspel—<u>Moet dit aub nie ondersteun nie!</u> Vergelyk Sondag 35 Kategismus***

*Hierdie godslastering begin reeds by ons kerk se weste-ingang met die plakkaat aan van die pale gesit wat hierdie "blyspel" adverteer, waaroor ons moet treur en glad nie oor kan bly wees nie. "**God kan op geen enkele manier afgebeeld word nie... Nog minder mag 'n mens homself/haarself aanmatig om in een of ander kuns produksie die rol van God voor te stel!** Laat Sone Combrinck wat met Kanselteater saamwerk ons hartseer, opstand en misnoeë hoor. So ook Johan Scholtz wat hierdie godslastering se teks en regie behartig. Begin deur dit te veroordeel en eenvoudig te boikot! Sone se e-pos waarmee ons ons beswaar kan rig is sone.combrinck@facebook.com*

### SUSTERS EN PAUL KRUGER-KINDERHUIS

Daar is nog min reaksie op versoek om blikkieskos en ander nie-bederfbare produkte aan kinderhuis te skenk. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas.

Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.



### DIE EVANGELIE: MATTHEüS

*Vervolg van verlede week*

**My Seun geroep –** Ter selfder tyd word `n verdere profesie uit Hos 11:1 vervul. In die profesie word met "seun" Israel bedoel, maar uit hierdie volk, wat deur God gered word, is Jesus die Seun van God. So was die hele uittog uit Egipte ook `n profesie hiervan, buiten dat dit ook profesie was van God se hele volk van alle tye, wat uit die slawekettings van die sonde gered sou word.

***Herodus . . baie woedend . . . laat ombring –*** *Die Nederlandse digter Da Costa skryf hieroor: "Dat daar kindertjies as martelare val vir die kindjie Jesus, is `n denkbeeld so fyn en teer, dat geen boek ter wêreld buite die Skrif iets dergeliks bevat nie. So het Jesus dan reeds as kind `n gemeente van kindertjies van dieselfde ouderdom as Hy, wat in sy lyde en in sy heerlikheid gedeel het . . . Hulle het werklik vir Hom gesterf, want Hy is onder hierdie kindertjies gereken. Hy is gespaar, en* hulle *het om sy ontwil gesterf. Daar is reeds `n gemeenskap van Christus met sy gemeente; die Christus het nouliks begin ly of die synes ly saam met Hom; en sy lyde verlig hulle lyding; want sy lyding is versoenend, en hulle s'n is om aan Hom gelykvormig gemaak te word."*

*Mens kan jou die lyding in Bethlehem indink, as mens dink oor hoe swaar ouers kry by `n sterwende kind. Totius praat dan teer oor die lyding van `n swygende kindjie. Hoe erg is dit dan, as hulle vermoor word ?*

*Dat God dit toelaat, is `n **verborgenheid**. Ook kindertjies het deel aan martelaarskap, wat van Abel af al strek. Daar is ook kinderbloed by.*

*Die kindertjies se dood was nie ter versoening, of plekbekledend nie. Daar is geen verdienste in nie. Hulle kon slegs deel kry aan die lyde van Christus, sonder Wie alle martelaarskap niks beteken nie. Sy kruisdood dien ook vir daardie kindertjies te Bethlehem tot redding. So het alle uitverkorenes, as deel van die "heilige saad"* [van Verbonds-geslagte] *deel aan Hom – ook hulle wat reeds as kindertjies sterf. Hulle word ook deelgenote aan die heerlikheid en het deel aan die Verbonds-weldade.*

*"Met die erkentenis van ons sonde en die belydenis dat Jesus as die Redder verskyn het, word egter vir ons met ons kinders die uitsig op Christus se heerlikheid geopen. Mag dan nie alleen ons lewe nie maar ook ons lyding, waardeur ons gemeenskap kry aan sy lyding, geheilig wees deur sy kruis; en mag die Here om Jesus ontwil ons en ons huis genadig wees !"*

**2:17-18, Ragel –** Nog `n profesie staan hier vervul. Ragel se weeklag oor Efraim en Benjamin was profesie van die moeders van Bethlehem se smart.

*Totius het hieroor `n gedig geskryf, **"Ek lees al verder van geen leed".** Dit is in Deel 10, bl 116 van die Versamelde Werke.*

*Hoofsaaklik kursief-gedrukte dele is bespreking van en aanhalings uit Totius se werk.*

**Mattheüs 2 (vervolg)**

**v 19–21,** Weereens verskyn `n engel van die HERE, weer in `n droom, maar nou in Egipte waarheen Josef in gehoorsaamheid Jesus en Maria geneem het. **Hulle is dood –** Waarskynlik nie net Herodus nie, maar dalk ook van sy dienaars, of selfs van die Saduseërs wat Herodus gesteun het. Josef is weer onvoorwaardelik gehoorsaam, en trek terug na sy land.

**v 22 – Argelaüs:** Na Herodus die Grote se dood het hy sy regeringsgebied onder sy seuns verdeel, en keiser Augustus moes dan die aanstellings bekragtig. Augustus was bekend met die Herodiane se wreedheid. Nadat Herodus een van sy kinders laat vermoor het, sou die keiser glo gesê het dat dit beter is om Herodus se vark te wees as sy kind. Argelaüs wou sy gesag dadelik met mag laat geld, en het 3 000 mense laat dood, wat hom gevra het om die ongeregtighede wat onder sy pa se regering gepleeg is, reg te stel. As gevolg van hierdie massamoord is hy deur Augustus verban, blykbaar na `n plekkie in Gallië (later genoem Frankryk).

God waarsku Josef weer in `n droom, en hy gaan na Nasaret. Dit is waarskynlik omdat hy in elk geval daarvandaan gekom het. Argelaüs se broer Antipas, ietwat minder wreed, was in daardie streke koning.

**V 23, profete . . . Nasarener –** Verskillende moontlikhede word genoem waarom die meervoud, "profete", gebruik is. Die waarskynlikste is dat daarmee na die deel van die Ou Testament verwys word, wat as : "Die Profete" bekend was. Jesaja 11:1 word seker bedoel, waar oor Jesus geprofeteer word as `n "takkie" uit die stomp van Isak. Die woord wat gebruik word is *netzer.* Die woord "takkie" kon ook hier gebruik gewees het, as `n woordspeling met Nasireër, soos Simson bv ook een was: Die Afgesonderde van die HERE. Die woord klink ook soos die Aramese woord *nasraia,* wat gebruik is vir `n inwoner van Nasaret. *word vervolg.*

### HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

*6 Mei 1831-* Gezina Kruger egg. Paul Kruger gebore; *7 Mei 1880–* Tweetoringkerk Bloemfontein in gebruik geneem; *9 Mei 1828–* Dr. Andrew Murray (jr.) gebore; *9 Mei 1872–* Danie Theron (Boereverkenner) gebore; *9 Mei 1883-* Pres Paul Kruger as staatspresident ingehuldig (weer in 1888,1893 en 1898 herkies); *10 Mei 1961–* CR Swart as eerste Staatspresident van RSA verkies; *17 Mei 1901–* Betsie Verwoerd (Schoombee) egg HF Verwoerd gebore; *19 Mei 1901–* Pres MW Pretorius oorlede; *22 Mei 1874* - Dr. DF Malan gebore; *27 Mei 1874–* Eerste deel van Dorslandtrek begin;